Hoërskool Framesby 50 HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 84: 13 Mei 2016

WARE SPORTMANGEES

Dis nie te betwyfel nie dat Framesby op akademiese gebied besonder hoë standaarde handhaaf, maar net so deins ons sportmanne en –vroue nie terug vir einige uitdaging nie. In die proses het ons sterk bande opgebou met skole reg oor Suid-Afrika wat almal graag teen ons meeding, juis omdat hulle weet dat die Framesby-spanne met groot passie en erns kompeteer.

Dat ons dikwels in hierdie sterk geselskap aan die verloorkant is, is waar, maar die waarde van die ondervinding wat ons leerders opbou kan nie onderskat word nie. Dis egter ons leerders se sportmangees en uitleef van bepaalde waardes op die sportveld wat vir ons die meeste vriende wen. Oral waar ons gaan word ons gekomplimenteer met ons leerders se gedrag en optrede op en van die veld, veral daardie kenmerk van die ware Framesby-tradisie: onverbiddelike mededinging en waardigheid.

Vanuit hierdie perspektief wil ons graag ons ouers en ondersteuners dit op die hart druk om ook van die kantlyn hierdie sportmangees en waardes te openbaar. Kras opmerkings teenoor skeidsregters en spelers is onaanvaarbaar. Ons werk met kinders wat baie beïnvloedbaar is en nie altyd hul emosies onder beheer kan hou nie. 'n Pragtige wedstryd kan so maklik ontsier word omdat 'n volwasssene in 'n onbesonne oomblik nie mooi dink nie. Dit het ongelukkig reeds vanjaar gebeur dat die skool namens van ons ondersteuners verskoning moes vra vir onaanvaarbare optrede, maar ons vertrou dat almal sal besef dat dit nie die Framesby-styl is nie.

GROOT BEPALING HIERDIE NAWEEK!

Ons ontvang hierdie naweek besoek van twee skole uit die Paarl, naamlik die Hoër Landbouskool Boland, en die Hoër Meisieskool La Rochelle. Verlede jaar het ons die Paarl besoek en hierdie naweek ding ons mee op die Hokkie- en Rugbyveld, asook die Netbalbaan.

Dit beloof om 'n opwindende dag te wees en ons wil u graag aanmoedig om die dag in groot getalle saam met ons leerders te kom geniet. Behalwe vir die sportwedstryde sal die klein bulletjies van die Future Kings in aksie wees net voordat die eerste rugbyspanne sal kragte meet. Die program vir die dag verskyn op bladsy 3.

Ons wil ook graag hierdie geleentheid gebruik om al die ouers wat bereid was om van die La Rochelle-dogters te huisves, van harte te bedank. Alhoewel baie skole hierdie gebruik het wanneer lang afstande gereis moet word, is dit iets vreemds hier by ons. Tog kon ons staat maak op ons leerders en hul ouers. Baie dankie!

Neem asseblief kennis dat drie netbalspanne reeds vanmiddag laat tot vroegaand sal speel weens die OP-proewe wat môre plaasvind. Die wedstryde begin reeds om 17:00.

Framesby en Boland Landbou het oor baie jare reeds 'n besondere verbintenis opgebou, en koester hierdie bepaling. Mag die 'n wonderlike dag wees!

KLUBHUIS
IS OOP VANAAND!

HEERLIKE
HAMBURGERS & CHIPS
TE KOOP

NETBALWEDSTRYDE
VANAF 17:00
O/14A, O/16A en 1stes

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Britney Bird 10D
Emma Boshoff 9E
Simone Kuhn 10C

Sondag
Abigail Eksteen 9F
Anton Kolesky 8G
Ricco Kolesky 8F
Conray Nortje 10A

Maandag
Ruben du Preez 10F

Dinsdag
Yondre Bans 8F

Woensdag
Ruan Botha 11C
Corne Geldenhuys 10C
Bridget Hart 12B
Dylan Knoetze 9D
Sergei Koert 10E
Tinéka Pienaar 9E
Shaun Rossouw 11E
Stefan Verwey 12F
Melandrie Wilken 12G

Donderdag
Erushca Coetzer 12C

Vrydag
Este Marx 8F
Tishain Viljoen 9A

FRAMESBY PRESTEER!

SPORTSPANNE KOOK TEEN GRENS!

Dat die weerprofete soms die kat aan die stert beet het, is verlede naweek bewys. Alles het daarop gedui dat die sportbepaling teen Hoërskool Grens 'n sopnat affêre gaan wees, in so 'n mate dat daar reeds Vrydag besluit is dat die netbalwedstryde in alle waarskynlikheid nie gespeel sal kan word nie, en dat die netbaldogters derhalwe tuis moes bly. Slegs die eerstespan, die O/16A-span en die O/14A-span het die pad gevat in die hoop dat die weer hulle wel sou toelaat om te speel.

Saterdagoggend BAIE vroeg het die busse met die rugby- en hokkiespelers vertrek, en groot was die verligting toe daar die hele dag nie 'n ENKELE drupel reën in Oos-Londen val nie, en al die wedstryde in koel, maar baie aangename, omstandighede afgehandel kon word.

Al die hokkiewedstryde is by Cambridge High School op hul Astro gespeel en sommige spanne het dan ook teen Cambridge gespeel. Alhoewel 'n paar spanne verloor en gelykop gespeel het, het ons eerstespan uitstekend gespeel en Grens 3 – 0 geklop. Almal het hulle egter baie goed van hul taak gekwyt en hokkie van hoogstaande gehalte opgedis. Ons hokkiedogters verdien groot applous vir hul toewyding en harde spel. Baie geluk!

Op die netbalbaan het ons O/14's en O/16's goeie oorwinnings behaal, maar ons eerstespan moes ongelukkig die knie buig voor 'n vasbeslote Grens-span. Ons beskik egter vanjaar oor 'n uitstekende span en hierdie verloor was dalk net die regte medisyne om die seisoen behoorlik aan die gang te kry! Baie geluk aan almal en baie sterkte met die seisoen.

Op die rugbyveld was ons spanne heeltemal te sterk vir Grens. Die O/14's het die bal aan die rol gesit met oorwinnings met meer sas 80 punte, en uiteindelik het Framesby 377 punte teen 60 aangeteken! Die eerstespan het baie goed gespeel en 27-10 geseëvier. Baie geluk aan al die seuns. Kom ons hou die voete op die grond en bou aan 'n groot seisoen!

Tydens die week het ons seunshokkiespan kragte gemeet met Muir en 2 – 0 gewen. Uitstekend manne! Hierdie groep seuns werk baie hard en is so stil-stil besig om 'n groot krag te word. Hou so aan manne!

LANDLOPERS BLY BAAS!

Die derde Landloopliga-byeenkoms het verlede Woensdag by HTS Newton plaasgevind. Soos altyd het Framesby se span uitstekend presteer en vier van die moontlike ses ouderdomsgroepe gewen.

Die volgende atlete het almal eerste plekke behaal: Melissa Hamilton, Lara de Bloe, Marne Olivier, Chane Petzer, Bjorn Ferreira, Janno Agenbag, en Ian Gerber. Lara het die vinnigste tyd van al die dogters aangeteken. Baie mooi!

Karla Scheffer, Shene Delport, Bridget Hart, Jurgens Boreman en Johny Muller het almal tweede plekke behaal, terwyl Kelly Schmidt, Eldino van Rhyn en Chad van Rensburg derde plekke behaal het

Ons aanvaar dit al as vanselfsprekend dat die Framesby-atlete hierdie liga-byeenkomste sommer net sal wen, maar almal weet dat dit die resultaat is van baie harde werk en toewyding. Baie geluk aan almal. Framesby is baie trots op julle!

RUGBYSPELERS BLINK UIT IN OP-PROEWE

Die nasionale toernooie in die meeste wintersporte vind tydens die Junie-vakansie plaas, en Meimaand is tradisioneel die tyd waarin proewe gespeel word om die provinsiale spanne te kies. Dis maar 'n moeilike tyd, want die akademiese program woed voort en die skool se sportprogram moet voorrang geniet.

Die rugbyproewe sluit volgende Saterdag af met die Meyer Sauerman-toernooi wat vanjaar by Pearson gehou word. Vir hierdie geleentheid is daar twee merietespanne en vier akademiespanne gekies wat met mekaar sal kragte meet, waarna die OP Cravenweekspan, die O/18 Akademiespanne, asook die OP O/16-span aangewys sal word. Ons is baie trots om te kan rapporteer dat 9 van ons spelers in die merietespanne opgeneem is, terwyl 'n verdere 3 in die Akademiespanne opgeneem is. Vyf van ons O/16-spelers sal ook in aksie wees.

Dis 'n besondere prestasie en ons hou styf duim vas dat almal die provinsiale spanne sal haal!

ONS LEERDERS IS BESIG ..



SPORTPROGRAM HIERDIE NAWEEK

RUGBY VS HOËR LANDBOUSKOOL BOLAND

A-VELD		B-VELD		C-VELD	
08:30	O/14 A	08:30	O/16B	08:30	O/14C
09:30	O/15 A	09:30	4de	09:30	O/15C
10:30	O/16 A	10:30	3de	10:30	O/14B
11:45	2de	11:30	O/16C	11:30	5de
13:00	Future Kings			12:30	O/15B
13:30	1ste				

NETBAL VS LA ROCHELLE

VANAAND		MôRE	
Vrydag 13 Mei		Saterdag 14 Mei	
TYD	SPAN	TYD	SPAN
17:00	O/14A	09:00	O/14 B
17:35	O/16A	09:30	O/16 B
18:15	O/18A	10:15	O/18 8

HOKKIE VS LA ROCHELLE

A-VELD		B VELD	
TYD	SPAN	TYD	SPAN
09:00	14 A	09:00	O/16 B
10:00	16 A	10:00	O/14B/16 C
11:00	2DE		
12:00	1STE		

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 14 Mei	Sondag 15 Mei	Maandag 16 Mei	Dinsdag 17 Mei	Woensdag 18 Mei	Donderdag 19 Mei	Vrydag 20 Mei
Sport vs Boland Landbou & La Rochelle Rugby, Netbal Hokkie **Seunshokkie** O/16 vs Westering	**Dogtershokkie** OP Proewe O/16	**Dag 6 Pinkster – Saal**	**Dag 7 Pinkster - Saal**	**Dag 8 Pinkster – Saal Landloopliga** Pearson **Seunshokkie** 1ste vs Theodore Herzl	**Dag 9 Pinkster – Saal**	**Dag 10 Pinkster – Saal Redenaars** ATKV Semi-fin.

ALGEMEEN EN SIELSKOS

LUISTER NA DIE STEM

DIT is vir ons blywend noodsaaklik om na die stem van God te luister. Die Bybel is één groot getuienis daarvan dat God met die mense praat. Dit geld ook vir ons, en as ons bereid is om na die stem van God te luister, sal ons weet wat Hy vir ons wil sê. Die stem van God kom op verskillende maniere na ons. Die kanaal waardeur ons die stem van God die suiwerste kan hoor, is uiteraard die Bybel. Die merkwaardige van die Bybel is dat dit die verhaal vertel van hoe God in die verlede met mense gepraat en met hulle omgegaan het. As ons hierdie verhaal lees, merk ons egter dat dié verhaal nie maar net iets van die verlede is nie, maar dat dit ons ook raak. God gebruik dit om daardeur ook met ons te praat.

Tog praat God nie net deur die Bybelwoord met ons nie. Hy kan op allerlei maniere met ons praat. Christus is die ewige Woord van God, en Hy het mag om Homself van allerlei kanale te bedien om met ons te praat. Dikwels gebruik Hy die stem van ander mense om met ons te praat. Dit is nie net die stem van die prediker op die kansel wat vir ons die stem van God kan word nie. God kan ook die stem van ander Christene, en by geleentheid selfs van ongelowiges, gebruik om met ons te praat. Alle waarheid is God se waarheid. Dit kan gebeur dat ongelowiges insigte het wat van die waarheid getuig. Die kerk was altyd daarvan bewus dat die Griekse wysgere, heidense digters en selfs ateïste soms dinge kon sê waarna die kerk om Christus ontwil moet luister.

Dikwels praat God egter ook met ons deur gebeurtenisse, soos bv. deur skokkende dinge wat gebeur, deur die gang van die geskiedenis of deur dinge wat in ons persoonlike lewe voorval. Soms kom die stem van God tot ons in teenspoed, soms praat Hy met ons deur lyding en rampe. Dit pas ons om by elke ding wat met ons gebeur, te vra wat God eintlik daarmee aan ons wil sê. Natuurlik kan 'n mens die stem van God wat tot jou uit gebeurtenisse kom, maklik misverstaan.

Daarom moet ons dit altyd in die lig van die Bybel interpreteer. Die Bybel is die maatstaf vir alles wat God aan ons sê, al gebruik Hy ook ander kanale waardeur Hy met ons praat. In sy verkondiging moet die kerk altyd van die geskrewe Woord van God uitgaan. Daarmee moet hy ook alle stemme beoordeel wat tot hom kom, om te verstaan wat God daardeur aan hom wil sê. Maar die kerk moet versigtig wees om nie agteloos verby te gaan aan die stem van God wat ook langs ander kanale tot hom kom nie. Die kerk moet ook let op die tekens van die tye en veral in tye van beproewing en verwarring soos dié wat ons tans belewe, dubbel versigtig wees om nie horende doof te wees vir die skrif van God aan die muur van ons bestaan nie. Dit sou volkome onverantwoordelik wees.

Uit *Die Burger* 11 Oktober 1986

EKSAMENROOSTER VIR GR. 11 EN 12

Soos verlede jaar sal die Wiskunde-leerders in Graad 12 eksterne vraestelle skryf en moet hierdie vraestelle op bepaalde datums geskryf word. Weens ‘n misverstand moes ons ongelukkig die rooster wysig om hierdie twee datums te akkomodeer. IGO is ongelukkig op die Graad 11-rooster uitgelaat en klein veranderinge moes ook in hiedie rooster gemaak word. Die nuwe, gewysigde rooster is as volg:

	Graad 11		Graad 12	
	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Wo. 1 Jun.	FW 1 Toer		LW	Mus. 1
Do. 2 Jun.	Eng. 2	Mus. 1	Afr. 2	
Vr. 3 Jun.	IT1 VS		CAT 1	Rek
Ma. 6 Jun.	LW		Eng 1	
Di. 7 Jun.	Afr. 2		Wisk 1 WG 1	
Wo. 8 Jun.	Wisk 1 WG 1		CAT 2	
Do. 9 Jun.	BS		Eng. 2	IGO 1
Vr. 10 Jun.	Eng 1	IGO Mus 2	Wisk 2 WG 2	
Ma. 13 Jun.	CAT 1	IT 2	FW 1	
Di. 14 Jun.	Wisk 2 WG 2		Afr 1	IGO 2 Mus 2
Wo. 15 Jun	LO	CAT 2	BS	CAT 2
Ma. 20 Jun.	FW 2		FW 2	
Di. 21 Jun	Geo 1	Geo 2	VS IT 2	
Wo. 22 Jun.	Rek		Toer	
Do. 23 Jun.	Afr 1		LO	